Donderdag **10 Oktober**

**Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-8 (of Eksodus 19:1 – 20:21)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 19:4-6 (AFR2020**

**Die kerk is die Here se spesiale eiendom (vanweë die Verbondswoord!) vir die wêreld**

Eksodus 19:1 – 24:18 is ’n hoogtepunt in die Here se Woord, want die Here sluit die verbond, wat Hy met die aartsvaders opgerig het (Genesis), nou met sy hele volk. Eksodus 19 gaan hoofsaaklik oor die volk se voorbereiding om hulle heilige God te ontmoet in hierdie verbondsluiting. En in die verbondsluiting gee die Here sy tien Verbondswoorde (Wet) vir sy volk – Eksodus 20.

Alreeds in Eksodus 19:5 sê die Here dat sy volk sy persoonlike en spesiale eiendom sal wees, selfs al behoort hulle en ook die hele aarde aan Hom. Die Here kies die klein ou slawevolkie om spesiaal vir Hom te wees. Waarin is hierdie spesialiteit en besonderheid geleë? In die Here wat met sy Verbondswoorde (Eks. 20) na die klein ou volkie toe kom. Besef hoe spesiaal jy is, omdat jy die Here se Woord het, sy Woord kan lees elke dag en kan saamkom in sy erediens elke Sondag rondom sy Woord!

In vers 6 sê die Here ook sy volk sal vir Hom ’n koninkryk van priesters wees. Dit beteken die HERE se volk is sy tussengangers tussen Hom en die wêreld (priesters het ingetree tussen die Here en sy volk). Reeds vanuit Genesis 12:3 leer ons dat die bedoeling van die verbond ook is dat al die geslagte van die aarde geseën word. En hier lees ons weer iets hiervan. Die volk is die Here se spesiale eiendom tot die wêreld – sy priesters. Hoe? Deur in sy Woord en sy wet te lewe, elke oomblik van hulle lewe. Jy is ’n televisie vir die wêreld! Leef in die Here se wet en in sy Woord voor die wêreld wat na jou kyk. Luister getrou na die Here se stem (Eks. 19:5). Ja, ons as sy kerk skiet hierin ver tekort. Tog so belangrik: die Here het voorsien!

Van die priesterskap vir die wêreld lees ons in Jesaja 49:6: “Ek gee jou as ’n lig vir nasies, sodat my heil sal strek tot aan die uiteindes van die aarde.” En ook nog later in Lukas 2:32: “’n lig wat vir die nasies tot openbaring dien ...” Net soos die volk Israel ver tekortgeskiet het om die Here se priesters te wees, skiet ons ook ver tekort. Maar die Here het voorsien – Jesaja 49 en Lukas 2 gaan oor ons Here Jesus Christus. In Jesus Christus, deur sy Heilige Gees in ons, kan ons wandel in die Here se Verbondswoord – tot aanskoue van die wêreld.

*Sing: Psalm 135-1:1, 2*

*Ds. R (Reinhart) Boersema (Vryburg)*